

Doel van hierdie begeleidingsmateriaal oor Dissipelskap:

- om jou vertrouwd te maak met 'n leefstyl waar jy Jesus navolg;
- om dissipelskap as 'n leefwyse van innerlike transformasie, wat strek oor jou hele lewe in alle seisoene van jou lewe, in te oefen;
- om dissipelskap te beleef as 'n dinamika in jou lewe waarmee jy ander en die lewe self positief impakteer.

Bronne

- Hoogland-Leefstylgids Weergawe #2
- Hoogland-Leefstylgids Weergawe #2 Dissipelskap – 'n Geloofsreis van Innerlike Transformasie in 5 Lewensruimtes

Riglyne:

- Julle hoef nie voor te berei vir die ontmoeting nie – alhoewel voorbereiding ook 'n geloofsdissipline is wat meriete het.
- Julle hoef nie die materiaal in een ontmoeting af te handel nie. Elke groep bepaal sy eie ritme.



**Los jou
vingerafdruk**

Ontmoeting 10 – Lewensruimte: Wees in die wêreld

Ons leer met Jesus leef in ons werk

(Hoogland-Leefstylgids Dissipelskap bladsy 44-46)

1. Oriëntasie: Raak bewus van God se teenwoordigheid

- 1.1. Dink aan die faset van jou **werk** wat vir jou die grootste **vreugde** bring. **Dank** God daarvoor.
- 1.2. Lees of sing die **Liedboek 308**:

Neem my **lewe**, laat dit, Heer,
U gewy wees meer en meer.
Laat my hart gedurig juig
en van **dankbaarheid** getuig.

Neem my **hande**, maak hul sterk
diensbaar in u goeie werk.
Neem my **voete**, skoei hul, Heer,
met bereidheid tot u eer.

Neem my stem en laat my **sing**
aan U, Here, hulde bring.
Laat my **mond** dié boodskap dra:
Hul sal vind wat na U vra.



Neem my **goud en silwer**, Heer
niks noem ek my eie meer.
Al my **kennis en verstand**
stel ek in u vaderhand.

Maak my **hart** vir U tot troon
deur u Gees wat in my woon.
Rig my **wil, gevoel en daad**
altyd na u wyse raad.

1.3. Is daar enige spesifieke deel van jou werk wat jy aan die Here wil **toewy**?


2. Lees:

1.1. Bybelteks:

1.1.1. 1 Kor 10: 31 - *Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God.*

1.2. Leefstylgids – Dissipelskap

1.2.1. Hoogland-Leefstylgids Dissipelskap bladsy 44-46.



2. Luister en Gesels

2.1. Waar sien julle vandag **kompartementalisering** (om Jesus net in sekere dele van jou lewe te dien) in christene se lewens? (bladsy 44).

2.2. Hoeveel **bakstene** het jy vandag gemaak (bladsy 45)? Anders gesê:

2.2.1. Gaan jou werkslewe net oor wat jy kan produseer / lewer?

2.2.2. Wat doen dit aan jou menswees?

2.2.3. Wat dink Jesus daarvoor?

2.3. **Koninkryksperspektief op** werk (bladsy 45):


2.3.1. Hoe dank jy God deur die werk wat jy doen?

2.3.2. Hoe wys jy jou werksvreugde deur die manier waarop jy jou werk doen?

2.3.3. Hoe dien jy ander mense deur jou werk?

2.3.4. Hoe seën jy ander mense deur jou werk?

2.3.5. Wat is die waarde van jou werk vir ander mense en die natuur?



3. Gaan leef

- 3.1. Kyk na **Geloofsgewoonte: Geregtigheid** op bladsy 46 van die Hoogland-Leefstylgids Dissipelskap.
- 3.2. Kyk na die **Oefeninge** wat voorgestel word:
 - 3.2.1. Dink julle dit is realistiese voorstelle?
 - 3.2.2. Sal dit 'n verskil maak in ons gemeenskap / land?
 - 3.2.3. Waarvoor sien julle kans?



4. Afsluiting

- 4.1. Lees die hele gebed **Die reis saam met U** op bladsy 48 van die Hoogland-Leefstylgids Dissipelskap.
- 4.2. Motiveer mekaar om die volgende te **onthou**:

